# 15 GEVAARLIKSTE LANDE OM JESUS TE VOLG




"Ons gebede kan gaan waar ons nie kan nie. Daar is geen grense, tronkmure, of deure wat geslote is wanneer ons bid nie."

– Broer Andrew, Stigter van Geopende Deure

1. Noord-Korea
2. Afganistan
3. Somalië
4. Soedan
5. Pakistan
6. Eritrea
7. Libië
8. Irak
9. Jemen
10. Iran
11. Indië
12. Saoedi-Arabië
13. Maledive
14. Nigerië
15. Sirië

**2018–2019 Wêreldwye Somersaanslag-Doelwit**

**R11 742 442**


**Geopende Deure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Open Doors South Africa

Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362
E southafrica@od.org | I www.opendoors.org.za


2018–2019



# WÊRELDWYE SOMERSAANSLAG

Tot Uitbouing van God se Koninkryk Waar Geloof die Meeste Kos

## Desember, Januarie & Februarie Gebedsgids



"Dink aan die gevangenes asof julle self ook gevangenes is, en aan dié wat mishandel word, asof julle self ook mishandel word." – Hebreërs 13:3

# Jou gebede vir God se mense is so belangrik!

## Bid asseblief vir die volgende versoeke gedurende die WÊRELDWYE SOMERSAANSLAG…



My Vriend/in,

Ek het onlangs van gelowiges verneem in Indië wat erg geslaan, sonder rede gearresteer is en ander pyn ervaar het oor hul geloof. Hulle gebedsversoek was nie vir die vervolging om op te hou nie, maar die volgende: *"Bid dat God ons sal help om sterk te bly te midde van hierdie vervolging, selfs tot die dood."*

Hierdie gebedsgids is ontwerp om maklik en netjies in jou Bybel te pas, sodat jy daagliks kan onthou om vir vervolgde gelowiges te bid. Dankie!

Jan

Jan Gouws, Uitvoerende Direkteur, Geopende Deure Suider-Afrika

## DESEMBER BID VIR ASIË



*"Die Kerk groei vinnig in Hindoe-nasies soos Indië, en sekere dele groei ook in Boeddhistiese lande soos Bhoetan, Mianmar en Viëtnam. Dit is regtig opwindend om te sien hoe God Sy Kerk bou te midde van vervolging."* – Wybo, Geopende Deure Internasionaal

**Week 1 – NOORD-KOREA** Christene in dié land ervaar die ergste vervolging ter wêreld. Bid vir beskerming en krag vir gelowiges – veral die duisende wat wegkwyn in die tronk. Bid vir godsdiensvryheid in Noord-Korea.

**Week 2 – NASIONALISME** Die regerings van heelparty Asiese lande raak meer nasionalisties en verbind hulself op "onheilige" wyses met die meerderheidsgeloof – tot die nadeel van Christene wat in die minderheid is. Bid vir meer vryhede vir gelowiges.

**Week 3 – NUWE BEKEERLINGE** Baie mense regoor Asië het tot bekering gekom in die afgelope twee jaar, en hulle benodig dissipelskap. Bid dat hierdie nuwe bekeerlinge Bybels sal ontvang, by kerke sal aansluit en enige druk sal weerstaan om hul geloof te versaak.

**Week 4 – CHINA** Daar is ŉ hernude poging om invloed op Christenskap uit te oefen en enige iets wat die kommunistiese regering as "buitelands" beskou. Bid vir die beskerming van Chinese Christene – meer as 97 000 000 miljoen – en dat beperkinge sal verslap.

## JANUARIE BID VIR AFRIKA



*"Die omstandighede in Wes-Afrika is baie sleg. Dit is ŉ krisis. Hulle het ons hulp nou nodig. Ons kan nie nog ŉ jaar wag nie, of hulle mag dalk moed verloor. Hulle mag dalk hul geloof versaak of die streek verlaat. Nou is hulle tyd van nood."* – Wybo, Geopende Deure Internasionaal

**Week 1 – WES-AFRIKA** Die geweld neem net toe, en baie gelowiges is vermoor en getraumatiseer. In Nigerië word 2 500 ontvoerde Christenmeisies steeds vermis. Bid vir beskerming en genesing vir gelowiges, en vir stabiliteit in die streek.

**Week 2 – OOS-AFRIKA** Christene in dele van die Horing van Afrika ervaar erge vervolging indien hul geloof ontdek word – sommiges is op die plek doodgemaak. Bid vir die Kerk se beskerming en vir blywende groei, selfs onder sulke swaar beperkinge.

**Week 3 – SLAGOFFERS VAN TRAUMA** Duisende Christene in baie nasies is aangeval, verkrag, beroof, en het moorde en ander gruweldade aanskou. Bid vir emosionele genesing en vir kerke om effektief te wees in hul ondersteuning van traumaslagoffers.

**Week 4 – UITBREIDING VAN ISLAM** Islam gaan steeds soos ŉ vlaag deur nasies in Afrika wat lewens vernietig en gemeenskappe verdeel. Bid dat mense hierdie geloof sal teenstaan en eerder redding en krag in Jesus Christus sal vind.

**Week 5 – VERVOLGERS** Bid vir die redding van Islamitiese militante, Fulani-veewagters, leiers in regerings, sowel as familielede wat gelowiges vervolg. Bid dat die vervolgers van die Kerk deur Jesus verander sal word.

## FEBRUARIE BID VIR DIE MIDDE-OOSTE



*"Egipte is steeds die land met die meeste Christene. Die regering probeer om die Kerk te beskerm, maar Islamitiese ekstremiste het duisende Christene oor die afgelope jare vermoor. Daar is dus baie vrees en armoede onder gelowiges."* – Wybo, Geopende Deure Internasionaal

**Week 1 – SIRIË** Bid vir stabiliteit in die land en vir beskerming vir die Christenminderheid. Bid ook dat baie Christelike vlugtelinge sal terugkeer na Sirië om hul huise en kerke te herbou.

**Week 2 – SLAGOFFERS VAN VERVOLGING** Christene ervaar diskriminasie, tronkstraf en geweld in baie dele van die Midde-Ooste, en selfs nog meer wanneer hul van ŉ Moslemagtergrond is. Bid vir moed en krag om te bly staan, en dat God hulle sal help om ŉ getuie vir Jesus te bly.

**Week 3 – GEHEIME GELOWIGES** Daar is baie geheime gelowiges in die Midde-Ooste wat geen samesyn met ander gelowiges ervaar, en min tot geen toegang tot die Bybel en Christelike lering het nie. Bid vir bemoediging vir hierdie geïsoleerde gelowiges!

**Week 4 – EGIPTE** Meer as twee miljoen Egiptenare het hul rug gedraai op radikale Islam en ateïste geword. Kom ons vertrou dat namate hul geen hoop in ateïsme vind nie, baie vir Christus sal vind. Bid dat die Kerk voormalige Moslems en ateïste met ope arms sal ontvang.

**Bid asseblief vir die R11 742 442-doelwit sodat ons, saam, vervolgde gelowiges om die wêreld kan versterk**